



“ Effektiewe selfregulering is die beste manier om hoë standaarde in die media te bevorder. ”

Deklarasie op Beginsels van Vryheid van Uitdrukking in Afrika



HOE OM 'N KLAG TE LÊ: VRAE EN ANTWOORDE

Wie kan 'n klag lê teen die media?
Enigiemand wat gegrief voel deur iets wat gepubliseer of uitgesaai is, solank hulle 'n direkte belang by die kwessie het. Klaers moet afsien van hulle regom die aangeleentheid agterna in die hof te betwis.

Kan 'n klag gelê word teen enige lid van die media?
Dit kan teen enige koerant, radio- of televisiestasie in Namibië gelê word. Dit is nie die individuele joernalis wat tot orde geroep sal word nie, maar die mediahuis, gewoonlik deur die redakteur.

Wat kan aanleiding gee tot 'n klag?
Enige afwyking van die Gedragskode van die Namibiese Media. Dit sluit gevalle van verkeerde beriggewing, onregverdigheid, enige skending van privaatheid en talle ander in. Sien asseblief die gedragskode vir meer besonderhede.

Hoe moet 'n klag gelê word?
Deur aan die Media Ombudsmantekryf, nie later nie as 14 dae nadat 'n storie gepubliseer of uitgesaai is. Die Ombudsman mag 'n klag aanvaar wat later ingedien word indien daar 'n goeie rede is. Hy mag die klaer versoek om 'n

afskrif van die aanstootlike item te verskaf.

Wat sal die Media Ombudsman met die klagte doen?
Hy sal eers probeer om 'n skikking te bewerkstellig tussen die klaer en die mediahuis, om 'n algemeen-aanvaarde oplossing te kry. Dit kan die publikasie van 'n antwoord, verskoning, terugtrekking, opvolgartikel of iets soortgelyks insluit.

En as dit onwaar is?
Die Ombudsman sal óf 'n besluit neem oor die aangeleentheid op grond van die geskrewde dokumente, óf 'n verhoor reël met twee lede van

die Media Klagtekomitee.

Wat gebeur met die mediahuis as daar gevind word dat hulle verkeerd opgetree het?
Hulle kan gewaarsku of tereg-gewys word, of aangesê word om 'n verskoning, terugtrekking, verduideliking of die antwoord van die klaer te publiseer of uit te saai. Ander media sal ook die besluit van die Media Ombudsman en die Klagtekomitee publiseer.

Wat gebeur as beide partye ongelukkig is met die uitspraak?
Hulle kan appèl aanteken by die Media Appèlvoorsitter, wat die finale sê sal hê.



MEDIA OMBUDSMAN NAMIBIË

Schubertstraat 35, Windhoek-Wes
Telefoon & Faks: 061 225 344
Selfoon: 081 129 8158, E-pos: cdaniels@iway.na
www.mediaombudsmannamibia.org





BEKENDSTELLING VAN DIE MEDIA OMBUDSMAN

// Om te redeneer dat 'n lid van die publiek wat veronreg voel deur die media tevrede moet wees met slegs 'n regstelling in die hof, is, met alle respek, onregverdig. Soos ons almal weet, is 'n regsgeging 'n duur en uitgerekte proses. Soms soek 'n veronregte persoon slegs die erkenning dat hy of sy te na gekom is plus 'n toepaslike verskoning. //

*Agbare Regterpresident
Regter Petrus Damaseb*

In Namibië naderdemokratiese lande het die koerante, radio, TV en ander media 'n groot verantwoordelikheid om die publiek ingelig te hou. Dit is 'n onmisbare funksie: die Namibiese Grondwet moedig mense aan om aktief aan die openbare lewedeel te neem, maar hulle kan dit slegs doen as hulle weet wataangaan. Omdat die mediaso'n belangriker rol speel in die daarstel van 'n gesonde demokrasie, is vryheid van uitdrukking in deurslaggewende reg en word dit in die land se grondwet gewaarborg.

Daar word van joernaliste verwag om hierdie plig met verantwoordelikheid en integriteit natekom. Die landse mediapraktikantehet nou deur die Redakteursforum van Namibië (Editors' Forum of Namibia-EFN) 'n etiese kode aanvaar wat in lyn is met internasionale standaarde. Dié gedragskode verbind die media tot die nakom van die basiese beginsel van goeie joernalistieke praktyke: korrektheid, regverdigheid, onafhanklikheid, beskerming van inligtingsbronne, konsiderasie vir die reg tot privaatheid en ander.

Die EFN het ook 'n meganisme geskep om klagte teen die media aan te hoor en te beoordeel.

Die kantoor van die Media Ombudsman is geskep, tesame met 'n Media Klagtekomitee en 'n Appèlvoorsitter. Dit is 'n selfregulerende stelsel: in lyn met die beste praktyke internasionaal neem die Namibiese media aanspreeklikheid ernstig op. Mense wat van die klagteprosedure gebruik maak, kan nie agternaby die hof aanklop vir hulp nie. Ondervinding het bewys dat 'n selfregulerende stelsel meertoeganklik is en vinniger en goedkoper is as die hoewe in die hantering van klagtes. Omdat dit behels dat regspraak oor redakteurs deur hulle eweknie gelewer word, het dit ook besondere sterk gesag.

Die kantoor van Namibiëse Media Ombudsman is nou oop vir besigheid. Die publiek word aangemoedig om gebruik te maak van die klagteprosedure om te verseker dat Namibië 'n standvastige demokrasie bly.



Mr. Clement Daniels
Media Ombudsman

// 'n Effektiewe persraad kan verseker dat die leser nie benadeel word deur gewetenlose of slordige joernalistiek nie. Die raad kan aan die leser 'n platform verskaf om griewe te lug teen partydige, onakkurate of onvoldoende beriggewing oor sake van wetlike openbare belang. //

*Minister van Inligting,
Kommunikasie en Tegnologie
Joel Kaapanda*

DIEMEDIAKLAGTEKOMITEE

Die Media Klagtekomitee staand die Ombudsman by om te besluit of 'n mediahuis die Media gedragskode oortree het of nie. Hierdie komitee word deur die publiek genomineer en deur die Redakteursforum van Namibië (EFN) aangestel. Dit bestaan uit 'n gelyke getal lede van die publiek en die media.

Die huidige Media Klagtekomitee bestaan uit die volgende persone:

1. Lede van die publiek: Mnr. Bankie Foster Bankie, Eerw. Maria Kapere, Me. Monica Koepen Dr. Shekutaamba Nambala.

2. Lede van die media: Mnr. Andre Henning, Mnr. Bob Kandetu, Mnr. Alexactus Kaureen Mnr. Jonathan Sam.

// Alle lede van die media het die plig om die hoogste professionele en etiese standaarde te handhaaf. Die gedragskode stel die norm vir hierdie standaarde. Dit beskerm die regte van die individu en bekragtig terselfdertyd die publiek se reg tot inligting. Die redakteurs, uitgewers, uitsaaiers en hulle personeel sal die Wet op Fundamentele Menseregte en Vryhede, soos vervat in die Grondwet van Namibië, handhaaf in die uitvoer van hulle pligte en funksie. //

Gedragskode

KONTAKBESONDERHEDE:
Schubertstraat 35, Windhoek-Wes
Telefoon & Faks: 061 225 344
Selfoon: 081 129 8158, E-pos: cdaniels@iway.na
www.mediaombudsmannamibia.org



Die Redakteursforum van Namibië (EFN) onderskryf die selfregulerende meganisme soos uitgevoer deur die Media Ombudsman.